

Gebrek aan vordering bekommer kenners

Alet Janse van Rensburg

Johannesburg. – Dit blyk dat die nasionale onderwysdepartement eindelijk 'n goeie, nugter begrip van die uitdagings in die onderwysstelsel het, hoewel hulle steeds geen duidelike oplossings vir dié probleme kon vind nie.

Só het onderwyskenners Woensdag in reaksie op 2015 se matriekslaagsyfer gesê.

Prof. Sarah Gravett, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Johannesburg, het gesê hoewel dit duidelik is dat die on-

derwysdepartement onder geen wanindrukke oor die onderwysstelsel se tekortkominge is nie, is dit kommerwekkend dat hulle al jare lank probeer om dié probleme op te los, maar geen sukses behaal nie. “Daar is dringende ingryping nodig in die provinsies wat die slegste gevaar het, soos KwaZulu-Natal, Limpopo en die Oos-Kaap. Daaroor is daar geen twyfel nie en dit gaan ook nie eenvoudige oplossings wees nie,” het sy gesê. “Ons moet ons egter nie in die negatiewe aspekte vasstaar nie en die oorkoepelende

slaagsyfer kan dikwels misleidend wees,” het sy gesê. “Daar is ook positiewe redes waarom die slaagsyfer gedaal het. Dit sluit in moeiliker vraestelle, strengere nasieners en die feit dat die stelsel leerlinge wat kul, gouer vasvat.”

Dr. Nic Spaull, 'n onderwysnavorsner verbonde aan die Universiteit Stellenbosch, was egter skepties oor die manier wat Umalusi, die raad vir gehalteversekering in algemene onderwys, die slaagsyfer aangepas het gegee 2015 se buitengewoon groot groep matrieks en hul vroeëre

verklaring dat daar 'n “ongekende stel aanpassings” plaasgevind het.

Christina Watson, uitvoerende hoof van die uitgewer Via Afrika, het gesê druk op skole om hul matriekslaagsyfer te verbeter, is nie in belang van die land se kinders nie. “Die jaarlikse verwagtinge en kritiek op die slaagsyfer veroorsaak dat die hele stelsel gerat is om leerlinge matriek te laat slaag. Met dié bly onderrig wat kinders werklik vir die moderne wêreld voorberei, in die slag,” het sy gesê.